

SLOW SCAN TV

1. Wat is Slow Scan TV ?

Slow scan TV, oftewel stadig-aftas televisie in Afrikaans, is die digitale oordrag van data vanaf 'n sender na 'n ontvanger. In hierdie geval is die data wat oorgedra word, normaalweg 'n prent of foto. Die sender en ontvanger moet natuurlik aan 'n rekenaar gekoppel wees, en die toepaslike sagteware moet gebruik word, om die digitale data aan beide kante te kan kodeer en/of dekodeer.

2. Wat het 'n mens nodig om SSTV te doen ?

Eerstens 'n rekenaar,
tweedens 'n send-ontvanger,
derdens 'n koppelvlak of interface tussen die rekenaar en radio en
vierdens die nodige sagteware.

3. Watter tipes sagteware is beskikbaar ?

Daar is verskeie programme beskikbaar, byvoorbeeld:

BL SSTV, CromaPix, EZ SSTV, FTV, GHSPC23, JVComm32, JVFax,
MM SSTV, MSCan, MixW, Proskan, SSTV32, WinSkan, Win95 SSTV

Hierdie programme behoort almal op die Internet beskikbaar te wees.
Probeer met *GOOGLE* of 'n soortgelyke search engine om daarna te soek.
JVComm32 se adres is www.jvcomm.de

4. Kan al die sagteware SSTV sowel as weatherfax doen ?

Nee, party programme kan slegs een modus doen, alhoewel JVComm32 beide SSTV en WeFax kan doen.

5. Is die program dadelik gereed om prente te stuur en ontvang ?

In die meeste gevalle moet die program eers gekalibreer word, om aan te pas by die rekenaar se spoed asook die klankkaart.

6. Hoe word die program gekalibreer ?

Toe Hofie ZS6CC se Wefax sein op die lug was, was dit maklik, want jy kon volgens die weerprente wat jy ontvang, jou program kalibreer. As die program gekalibreer is vir Wefax, is hy reg vir SSTV ook.

Noudat Hofie se sein nie meer daar is nie, is ons maar aan mekaar se genade oorgelaat. Die maklikste is om iemand te kry wie se program gekalibreer is, en dan volgens hom jou eie program te kalibreer. Daar word na hierdie kalibrasie verwys as die "Slant".

7. Is daar verskillende modusse in SSTV ?

Daar is WRAASE 180, Martin 1 en Martin 2, Scottie 1, Scottie 2 en Scottie DX, P3, P5, P7 en Robot 36.

8. Kan SSTV slegs op HF met SSB gestuur word ?

Beslis nie. SSTV kan met SSB, FM sowel as AM gestuur word. Op BHF en UHF ook. Op simpleks sowel as op herhalers. Ek het al selfs SSTV op die Burgerband gehoor vanaf die buiteland.

'n Persoon se stasie kan selfs opgestel word as 'n "parrot repeater" om mede amateurs te kan help. In hierdie modus, funksioneer jou stasie as 'n papegaai herhaler, dit ontvang 'n prent wat iemand stuur, en dan stuur hy die prent weer terug, sodat die ander persoon kan sien of sy slant reg is. Op die manier kan andere ook maklik hulle kalibrasie reg gedoen kry.

Indien daar belangstelling is, kan jy die programme aflaai vanaf die Internet, jy kan dit installeer en jou interface konnekteer tussen jou rekenaar en radio. Ons kan dan op 'n simpleks frekwensie vir mekaar help om die kalibrasie reg te probeer kry. Wie weet, dalk kan ons 'n paar verveelde aande per jaar omskep in iets nuttigs en ons fotos van allerlei belangstellings met mekaar deel....

Hoop om julle binnekort te sien op SSTV !